

Vrydag 16 April

Skrifgedeelte: Filippense 2:19-30

Fokusgedeelte: Filippense 2:19, 25

Kenmerke van medewerkers

Medewerkers is die Bybelse woord vir gelowiges wat saam werk in diens van die Here. In dié Skrifgedeelte sien ons sekere kenmerke wat medewerkers soos Timoteus en Epafroditos gehad het. Hulle het vir Paulus ondersteun terwyl hy in die tronk was. Die plan was om vir Timoteus na Filippi te stuur en vir Epafroditos wat geldelike hulp gebring het vanaf Filippi terug te stuur.

Wat moet die kenmerke wees van medewerkers? By Timoteus leer ons die volgende kenmerke: Medewerkers het 'n hart vir mense (vs 20), hulle is nie selfgesentreerd nie, maar dien eerstens Christus se saak (vs 21). Medewerkers is nie bang vir harde werk nie, want hulle sien hulleself as slawe in God se Koninkryk (vs 22). Medewerkers is bereid om op te offer al kos dit hom ook wat (vs 23).

By Epafroditos sien ons weer ander kenmerke: Medewerkers is boodskappers van die Goeie Nuus en wat vertrous en bemoedig deur hulle boodskappe (vs 25). Hulle is soldate in die voorste linies van die geloof. Hulle is mense wat dien - nie net met die hande nie, maar met die hart ook (vs 25, 26). Hulle is mense wat nie toelaat dat siekte of beproewings hulle lam lê nie, want hulle leef in afhanklikheid van God, en as Hy genesing en krag gee, dan gaan hulle aan met hulle roeping (vs 26, 27). Hulle is mense wat hulle lewe waag vir die evangelie, want hulle lewe by God is gewaarborg deur Christus (vs 30).

Medewerker, hoe sal dit lyk as jy Timoteus en Epafroditos se benadering tot die bediening en die lewe deel maak van jou bediening en lewe?

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2, 5

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)